

**eduresourceza.com**

Downloaded from eduresourceza.com

Province of the EASTERN CAPE EDUCATION

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## SEPTEMBER 2016

## ONTWERP V1 (TEORIE)

**PUNTE:** 100

**TYD:** 3 uur

*DSGNA*

Hierdie vraestel bestaan uit 17 bladsye.

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit SES vrae. Beantwoord al die vrae.

2. Daar is keuses binne sommige vrae in hierdie vraestel. Lees die verskillende opsies aandagtig deur.

3. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A | ONTWERPGELETTERHEID<br>VRAE 1–3 | [30 punte] |
| AFDELING B | ONTWERPGESKIEDENIS<br>VRAAG 4 | [30 punte] |
| AFDELING C | ONTWERP IN 'n SOSIO-KULTURELE/OMGEWINGS- EN VOLHOUDBARE KONTEKS<br>VRAE 5–6 | [40 punte] |

4. Lees die vereistes van die vrae noukeurig deur.

5. Beantwoord in volsinne. Moenie bloot feite opnoem nie.

6. Gebruik die puntetoekenning om te bepaal hoeveel tyd aan elke vraag spandeer moet word, sowel as hoeveel feite vereis word.

7. MOENIE dieselfde feite en voorbeelde in verskillende vrae herhaal NIE.

8. Skryf netjies en leesbaar.

**WOORDESKAT**

Gebruik hierdie woordelys om seker te maak jy verstaan die vrae wat gevra word:

<u>Analiseer</u>: 'n Gedetailleerde en logiese bespreking van die formele elemente en komposisie van die werk.

<u>Vergelyk</u>: Dui verskille en ooreenkomste aan in 'n geordende wyse binne dieselfde argument.

<u>Bespreek</u>: Gee jou standpunt en motiveer met redes. (Motiveer)

<u>Verduidelik</u>: Verduidelik en gee redes en verduidelik jou antwoord. (Motiveer)

<u>Interpreteer</u>: Gee 'n ingeligte opinie, en motiveer met voorbeelde.

<u>Sê</u>: Sê wat jy dink – gee jou opinie asook 'n verduideliking.


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

## AFDELING A: ONTWERPGELETTERDHEID

### VRAAG 1: 'ONGESIENE' VOORBEELDE

Beantwoord VRAAG 1.1 **OF** VRAAG 1.2

1.1



**FIGUUR A**: **Handgemaakte keramiekbord** deur Lee Hensberg, "Freakalee" Keramiek, (Oos-Kaap, Suid-Afrika)

1.1.1 Analiseer en bespreek die volgende elemente en beginsels in die ontwerp van FIGUUR A hierbo:

- Kleur
- Beweging/Ritme
- Lyn (6)

1.1.2 Dink jy FIGUUR A reflekteer 'n Suid-Afrikaanse identiteit suksesvol? Gee redes vir jou antwoord. (2)

1.1.3 In watter kategorie van Ontwerp val die produk in FIGUUR A? Motiveer. (2)

**[10]**

**OF**


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

1.2



**FIGUUR B**: ***Fusion*-modereeks** deur 'Black Coffee' word vertoon by die SA Mode-week, 2015

1.2.1 Bestudeer bogenoemde FIGUUR B. Analiseer en bespreek die volgende:

- Balans
- Ritme/Patroon
- Tekstuur
- Eenheid (8)

1.2.2 Bespreek die moontlike inspirasie/invloede in die ontwerp in FIGUUR B. (2)


**[10]**


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

## VRAAG 2: KOMMUNIKASIE DEUR ONTWERP

2.1 Bestudeer die plakkaat hieronder en beantwoord die vrae wat volg.




**FIGUUR A**: **Plakkaat** vir "Ruhama", 'n Nie-regeringsorganisasie in Dublin, Ierland

2.1.1 Wat is die boodskap wat deur die plakkaat FIGUUR A oorgedra word? (1)


2.1.2 Identifiseer en verduidelik die Gestaltbeginsel wat in die plakkaat hierbo toegepas kan word. (2)

2.1.3 Verduidelik hoe die ontwerper simboliek, beelde, uitleg en teks effektief gebruik het om 'n belangrike boodskap in die plakkaat in FIGUUR A oor te dra. (4)


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

2.2 Bestudeer die ontwerp hieronder en beantwoord die vrae wat volg.



**FIGUUR B: "Jacki So"** 'n Tekstielontwerp deur Heidi Chisholm. Vervaardig deur die maatskappy "**Shine Shine**"

2.2.1 Gee 'n definisie vir die term 'Stereotipering'. (1)

2.2.2 Die tekstielontwerp hierbo reflekteer 'n stereotipe. Identifiseer hierdie spesifieke stereotipe en verduidelik die gevaar daarvan. (2)

**[10]**


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

**VRAAG 3**

Beantwoord VRAAG 3.1 **OF** VRAAG 3.2.

3.1 Verwys na FIGUUR A en FIGUUR B en beantwoord die vrae wat volg.

| | |
|---|---|
|  |  |
| **FIGUUR A**: **'Ishongololo'** (geïnspireer deur 'n shongololo in Zulu) **Stoel** ontwerp deur Ryan Frank | **FIGUUR B**: **Die 'Dot' Stoel**, 1953, ontwerp deur Arné Jacobsen |

3.1.1 Skryf 'n VERLYKENDE OPSTEL waarin jy die ooreenkomste en verskille tussen FIGUUR A en FIGUUR B bespreek deur te verwys na die volgende:

- Inspirasie/Invloede
- Tekstuur
- Materiale en produksietegnieke
- Estetiese waarde (8)

3.1.2 'Vorm Volg Funksie'.


Bespreek hierdie stelling deur na FIGUUR A **OF** FIGUUR B in jou antwoord te verwys. (2)

**[10]**

**OF**


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com



**FIGUUR C**: **Die 'Duckpond' Paviljoen**, **St. George's Park Krieket Stadion** in Port Elizabeth, ontwerp deur John Rushmere, votooi in 1992


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

3.2 Skryf 'n VERGELYKENDE OPSTEL (ten minste EEN vol folio) waarin jy EEN Klassieke gebou wat jy bestudeer het vergelyk met die kontemporêre gebou wat hierbo in FIGUUR C gesien word.

Sluit die volgende inligting in jou bespreking in:

- Gebruike/Funksie
- Uitleg/plan
- Materiale en boutegnieke
- Verwysing na die terrein
- Teikenmark **[10]**

**TOTAAL AFDELING A: 30**

eduresourceza.com


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

## AFDELING B: ONTWERPGESKIEDENIS

## VRAAG 4

4.1

| | | |
|---|---|---|
| <br>Skandinawiese | <br>Gotiese | <br>Barok |
| <br>Kuns en kunsvlytbeweging | <br>Bauhaus | <br>Art Nouveau |
| <br>Art Deco | <br>Renaissance | <br>Antieke Grieks |

**FIGUUR A**


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

*"Ontwerp is 'n samestelling van klomp komponente, dit moet visueel, esteties en van goeie gehalte wees. Op die ou end moet dit die eindgebruiker se behoeftes bevredig."*
*– Sally Sirkin Lewis*

Verwys na die bogenoemde stelling en skryf TWEE VERSKILLENDE OPSTELLE oor TWEE ontwerpstyle, -periodes of -bewegings wat na verwys word in FIGUUR A.

Verwys ten alle tye na bogenoemde stelling om jou antwoord te staaf.

Vir elke ontwerpstyl, -periode of -beweging wat jy bespreek, sluit die volgende inligting in:


- Die ontwerpbeweging in konteks/en hoe dit die era in geskiedenis reflekteer Doel/Funksie
- Invloede/Inspirasies
- Karaktereienskappe van die beweging, styl of periode
- Die naam van EEN ontwerper wat met die beweging, styl of periode geassosieer word, met 'n titel en 'n kort beskrywing van EEN van sy/haar ontwerpe. (20)

eduresourceza.com


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

4.2 Bestudeer die ontwerpe FIGUUR B en FIGUUR C hieronder en beantwoord die vrae wat volg.



FIGUUR B



FIGUUR C

4.2.1 Identifiseer die ontwerpbewegins/-style wat FIGUUR B en FIGUUR C voorstel. (2)

4.2.2 Skryf 'n VERGELYKENDE OPSTEL waarin jy FIGUUR B met FIGUUR C vergelyk deur na die volgende ooreenkomste en verskille te verwys:

- Funksie
- Kontras
- Vorm/Fatsoen
- Bui/Gevoel wat geskep word

Staaf jou antwoord met feitlike inligting van elke beweging. (8)

**TOTAAL AFDELING B: 30**


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

## AFDELING C: ONTWERP IN ’n SOSIO-KULTURELE/OMGEWINGS- EN VOLHOUBARE KONTEKS

## VRAAG 5

Beantwoord VRAAG 5.1 **OF** VRAAG 5.2.

5.1




**FIGUUR A: Plakkaat** vir **‘The Society for Threatened People’**

5.1.1 Watter sosiale kwessie word na verwys in die plakkaat hierbo in FIGUUR A? (1)

5.1.2 Met verwysing na die plakkaat in FIGUUR A, het die ontwerper die elemente van ontwerp so gemanipuleer om ’n kragtige boodskap te skep.

Skryf ’n kort paragraaf waarin jy die gebruik van ruimte, beelde, teks en kleur bespreek. (5)

5.1.3 Skryf ’n opstel (ten minste 200-250 woorde/EEN vol bladsy) waarin jy EEN kontemporêre Suid-Afrikaanse ontwerper/ontwerpgroep **<u>en</u>** EEN Internasionale ontwerper/ontwerpgroep bespreek wat sosiale-kulturele kwessies aanspreek. Die opstelle moet die volgende insluit:

- Die naam van die ontwerper of ontwerpgroep
- ’n Verduideliking van die sosiale-kulturele kwessies wat hulle aanspreek
- Die tipe ontwerpe/produkte wat die ontwerper/ontwerpgroep produseer
- Die naam en ’n kort bespreking van EEN werk deur beide ontwerper/ontwerpgroep
- Die impak wat elke ontwerper/ontwerpgroep met hulle produkte in ons samelewing maak

MOENIE na enige ontwerpers verwys wat jy reeds in jou antwoordblad gebruik of verwys het na. (14)

**[20]**


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

**OF**

5.2



**FIGUUR B: Kraalbedekte houtkameelperde** by die Ubuntu-dorpie. Pragtige kunswerke in Suid-Afrika, Johannesburg

5.2.1 FIGUUR B vertoon handwerk by 'n vlooimark in Johannesburg. Dink jy dat handgemaakte kunswerke 'n belangrike bydra tot die ekonomie van Suid-Afrika maak?

Bespreek. (2)

5.2.2 Bespreek enige EEN tradisionele handwerk wat jy bestudeer het. Kies uit isiZulu-mandjieweefwerk, isiZulu-pottebakkery, isiZulu-kralewerk of isiXhosa-kralewerk. In jou bespreking verwys na die volgende:

- Die oorsprong – die naam van die inheemse kulturele gemeenskap wat die handwerk produseer, die tradisionele geskiedenis en die sosiale rol in die gemeenskap daarvan
- Materiale en metodes wat gebruik word
- Funksies
- Noem en bespreek EEN voorbeeld (8)


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

5.2.3

> *"Om 'n ontwerper is wees beteken om op 'n sinvolle manier tegnieke te manipuleer en produksie prosesse te analiseer, maar ook om sosiale kwessies en verpligtinge te aanvaar. Die kwaliteit van 'n ontwerp is dus nie net afhanklik van funksie, wetenskap en tegnologie nie, maar ook sosiale bewustheid."* ~Moholy Nagy

Bespreek die werk van EEN kontemporêre Suid-Afrikaanse of Afrika-ontwerper Dit moet iemand wees wat tradisionele metodes en/of materiale in hulle ontwerpe inkorporeer om sosiale en/of kulturele kwessies aan te spreek.

Skryf 'n opstel van EEN vol bladsy en verwys na die volgende:

- Doelwitte en invloede
- Karaktereienskappe van sy/haar werk en die gebruik van tradisionele tegnieke en/of materiaal in sy/haar ontwerpe
- Die naam van ten minste EEN van sy/haar werke
- Die sosiale kwessie(s) wat deur die ontwerpe aangespreek word

Jy mag NIE verwys na enige ander ontwerper(s) wat jy al vroeër genoem, of bespreek het NIE. (10)

**[20]**


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

## VRAAG 6

6.1



**FIGUUR A:** Voorgestelde "**Penguins Voorskoolse"**-skool, Walmerdorpsgemeenskap, Port Elizabeth. Die mure is gebou van omgewingsbakstene, gepleister en geverf

| |
|---|
| Die omgewingsbakstene-uitruilprojek sal binnekort gesien kan word in die stad en is die eerste omgewingsbaksteenskool wat gebou word, en is in die Walmerlokasie. Die plaaslike gemeenskap is ook betrokke deur middel van ʼn ruilwinkel, waar items geskenk, of kere omgeruil kan word vir voltooide omgewingsbakstene. |

Die bogenoemde ontwerp in FIGUUR A is ʼn goeie voorbeeld van omgewingsontwerp sowel as sosiale ontwerp.

Verduidelik hoe die ontwerp in FIGUUR A in beide kategorieë val en illustreer die wyse waarop dit die gemeenskap gaan bevoordeel. (6)


Downloaded from eduresourceza.com
Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

6.2 Skryf 'n opstel van ten minste 1½ bladsy oor EEN Suid-Afrikaanse ontwerper/ontwerpmaatskappy *en* EEN internasionale ontwerper/ontwerpmaatskappy wat jy bestudeer het wie se gebruik van materiaal en werksprosesse omgewingskwessies/volhoubaarheid aanspreek.

Gebruik die voldoende inligting:

- Die naam van die ontwerp/ontwerpmaatskappy
- 'n Bespreking van hoe die maatskappy se gebruik van materiaal en werksprosesse omgewingskwessies aanspreek
- Die titel en 'n bondige beskrywing van EEN ontwerp/ontwerpprojek wat die ontwerpers/ontwerpmaatskappy ontwerp het of by betrokke was

Jy mag NIE verwys na enige ontwerper wat jy voorheen bespreek het of na verwys in hierdie vraestel nie. (14)
**[20]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**
**GROOTTOTAAL: 100**

Kopiereg voorbehou
Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com